Genesing onder die heidene

G. J. Du Preez 072 1876 076

Waarom die genesing onder die heidene ?

Ja dit is ‘n vraag op ons almal se lippe. Ek glo die vraag kom al van Dawid se tyd al af toe hy ook ongelukkig was dat die onregverdige *(bose Spr.24:25)* so lekker lewe teenoor die regverdige. In Dawid se tyd was daar ook afvalligheid waarvan die bose manne soos vandag ook meer as net ons Skepper aanbid. Kyk maar waar lê die toorkunste, is dit nie tussen hulle nie. Ondersoek gerus ‘n ryk man en kyk watter god hy aanbid; Is dit nie net J*sus en H*re nie ? Ek praat nou die dag met ‘n man wat ook onder ons volk werk en ons gesels oor die Name en spelling daarvan. Hy noem met ondervinding as jy die Name wat ons gebruik soos YAH (*Klink soos JA*) en YAHUSHA (*Klink soos JA–OE–SHA*) nie tower-woorde is nie, want wanneer hy die Name uitspreek gebeur daar nie ewe skielik iets nie. Tog blyk dit as die heiden die J*sus en H*re aanroep kom daar gesond-wording onder hulle. Nou kom die vraag: Is daar ‘n towerkrag in daardie name? Want genesing blyk waar onder ander volke met hul gods name? Ek weet dit bring twyfel onder die uitverkore wat die Name YAH of YAHUSHA gebruik en daarom die vraag: Gebruik ons die regte Name? Met ondersoek onder die towenaars en okkultiese manne sal jy optel dat hulle name wat uitgespreek word nie verkeerdelik uitspreek word nie. Glo my dat hulle gelet is op die uitsprake van hulle gode-name, want hulle weet dat daar krag daarin. Elke towerwoord het sy spesifieke tower-krag en daarom glo ek dat daar krag in die J*sus en H*re name moet wees.

Ha satan skenk vir sy volgers baie groot krag, want die aardse heerskappy behoort aan hom en hy kan doen met hulle soos hy voel Matt. 4:8,9. Dus as sy volgers name uitdink en koppel aan kragte sal dit toegelaat word deur Ha satan. Ons weet dat Ha satan op sy beurt jaloers is op ons (*uitverkore van YAH*). hy weet wat vir hom en sy volgers voorlê, want hy weet dat YAHUSHA ‘n groot skeiding daar kom stel het tussen die uitverkore en sy volgers Mark. 4:11,12. Dus is daar tans skyn-genesing onder die Christene, maar inkeer en vergewing van wetsoortredinge sal hulle nooit ontvang nie.

Ek gaan ‘n stelling maak wat nie op alle tonge is nie en so ook nie verkondig mag word nie, soos hulle sê tussen jou en my (*Kom ons noem dit ‘n gelykenis*). Ons as die uitverkore volk van YAH is los gemaak deur ons Losser YAH dié Seun van VADER. Inderwaarheid was daar vir ons geen uitkomkans nie, want deur die oortredinge moet ons en ons voorouers oop oë hel toe gaan (*Num.5*). Ha satan het wel beken dat koningskap aan hom behoort (Luk.4:5) wat die uitverkore insluit. Daarbenewens moes VADER intree om SY Seun te stuur (*Vir Sy uitverkore*) Joh.6:38-40.

Ha satan wat sy lewe lank besig is met ‘n spel is altyd oop vir kompetisies, want hy ken die reëls en so ken hy ook die antwoorde. Met afskop van ‘n spel het hy reeds gewen, want sy opponente het nie die antwoorde nie. Ha satan het homself blootgestel om YAHUSHA te versoek (*Soos hy Adam versoek het*) “of moet ek sê: uitgedaag het tot ‘n spel”. Soos genoem dat elke spel sy eie reëls het, ken YAHUSHA die reëls beter as Sy opponent (*Nie dat YAHUSHA ‘n spel met Ha satan kom speel het nie tog uitgedaag deur hom*). Hierdie spel van Ha satan het reeds in die tuin van Eden begin waarvan hy die een pion (*Eva / Adam*) na die ander van die spel laat verdwyn het. Onbewustelik het Ha satan homself in skaakmat geplaas die dag toe hy YAHUSHA laat folter het. Ha satan het toe besef dat hy ‘n fout gemaak het en dat hy die spel gaan verloor, maar steeds pogings aanwend het, want moontlik kan daar ‘n laaste skuif gemaak word om die spel wel te kan wen.

Ha satan het bv. uitsprake wat YAHUSHA geuiter het soos: Dat daar nie meer wonder en tekens sal wees bo en behalwe Jona en die vis om homself in ‘n beter posisie te kry teenoor sy opponent. Sulke uitsprake het hy gebruik om homself te versterk “in die spel” om YAHUSHA in ‘n hoek te druk (*Dink net by jouself as ons net gesond kon maak, dooies opwek, van plek tot plek kon manifesteer om wonderwerke onder ons eie mense te kon gedoen het hoe sou Ha satan en sy werkers gevoel het ?*) Indien die uitverkore wonders kon doen sou daar inderwaarheid nie een van die uitverkore verlore geraak het nie! Ons sou reeds geheers het op aarde. Nee dus is die spel van Ha satan nog steeds besig volgens die Skrif voorspellings. Ha satan gebruik nog steeds die hoerery, verbastering, ens. om die uitverkore uit te roei. Ha satan weet dat as daar nie meer opponente aan die anderkant van die spel is nie, het hy gewen(skaak), maar ook besef hy dat daar wel nog ‘n Koning met ‘n paar sterk pionne op die spel-bord staan (*daarom het YAHUSHA gesê dat die laaste tyd sal verkort word anders sal daar niks meer oor wees nie*).

Wat tans gebeur is dat ons met wel aanskou hoe Ha satan sy verleidende vertroetel deur hulle lekker-leef en ontvangs van skyn-gesond-wordings. Ons aan die anderkant kry swaar en word siek en dood tree baie in. Tog moet daar vir ons ‘n lering in die spel wees wat Ha satan met YAHUSHA speel. Vir ons as die uitverkore moet daar tog antwoorde op die hoekoms en die waarom wees!
Word ons op die stadium van Ha satan spel getoets en beproef om te kyk of ons standvastig is? Ons kan ook vra gebruik ons die Name van VADER reg?

Ons kan vra of VADER kyk of ons gaan ingee en oorgaan na Ha satans versorging of bly ons by YAHUSHA se liefde? Ons kan ook vra wat vir ons beter gaan wees soos: 'n Gesonde liggaam met geen belangstelling in 'n ewige-doel nie of 'n ongesonde liggaam (*Weens omstandighede*) met 'n ewige-doel (*Al lê die dood duidelik voor jou*) ?
'n Gesonde liggaam skenk in baie gevalle trotsheid (*Veral as jy baie geld het, want baie geld laat jou ander oor die hoof sien*). 'n Sieke is weer die teenoorgestelde, want sy begeerte is na die ewige lewe en is moeg vir die aardse lekker wat nie juis saak maak nie. Ek wil dit so stel dat ieder geval 'n leerproses vir ons is as aanskouers terwyl Ha satan met wellus met ons lewens 'n spel speel.
Ons vertroosting lê in *Open. 20:10 En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid.* Met die woorde weet ons verseker voor die tyd dat Ha satan 'n verlore spel speel.

Om weer terug te gaan oor die Name en name. Bo is uitgewys dat die skyn-genesing wel in baal name gedoen was en daarom moet ons kyk of ons werklik dié Naam van ons Koning reg skryf en uitspreek wat in die Skrif staan: *Joh. 14:13 En wat julle ook al in <u>My Naam</u> mag vra, dit sal Ek doen, sodat die VADER in die Seun ~~verheerlik~~ lofwaardig kan word. Joh. 14:14 As julle iets in <u>My Naam</u> vra, sal Ek dit doen. Joh. 15:16 Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies en julle aangestel om vrug te gaan dra en dat julle vrug kan bly, sodat wat julle die VADER ook al in <u>My Naam</u> vra, HY julle dit kan gee. Joh. 16:23 En in daardie dag sal julle My niks vra nie. Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle die VADER sal vra in <u>My Naam</u>, sal Hy julle gee. Joh. 16:24 Tot nou toe het julle niks in <u>My Naam</u> gevra nie. Bid en julle sal ontvang, sodat julle blydskap volkome kan wees. Joh. 16:26 In daardie dag sal julle in <u>My Naam</u> bid; en Ek sê nie vir julle dat Ek die VADER aangaande julle sal vra nie; 1 Joh. 3:23 En dit is SY gebod, dat ons in <u>die Naam van SY Seun</u>, ~~J*sus Christus~~, YAHUSHA dié Nasaréner moet glo en mekaar liefhê soos Hy ons 'n gebod gegee het. 1 Joh. 5:13 Dit het ek geskrywe aan julle wat glo <u>in die Naam van die Seun</u> van ~~God~~ VADER, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het en kan glo in die Naam van die Seun van ~~God~~ VADER.*
Met die verse kom die vraag sterk na vore, is daar dan krag in die Naam van ons Koning ? Dus moet ons na die Naam in diepte gaan kyk sodat ons nie die verkeerde uitspraak deurgee nie, maar die korrekte sodat die krag en beskerming van die uitspraak kan intree.

Die 4 letter-Naam van die Seun van VADER in Strong's is H 3068 **יהוה** wat uitgespreek as 'YAHUAH' (*Verskillende interpretasies en uitsprake*). In Open. 14:12 staan: *Hier kom die lydsaamheid van die ~~heiliges~~ reines te pas; hier is hulle wat die gebooie van ~~God~~ VADER en die geloof in ~~J*sus~~ YAHUSHA bewaar*. Dus is daar baie verwarring in dié Naam.

Ek breek die Naam YAHUSHA op sodat aanvaarding makliker kan wees.

Verwysings nommer H 3050 lyk so **יה** wat van regs na links 'n Yod Hay is. Dié **יה** is "YH" wat inderwaarheid ons Skepper se Naam is (*Uitspraak "ja"*). In die breë-sin beteken dit "Ek is" wat Hy aan Moses bekend gestel het. Die "YH" het 'n klinker toevoeging gekry wat "YAH" is. Om voort te gaan na die volgende letter wat **ו** "Uau" is en dit is 'n voeg of 'n samebindende woord. Dit kan 'n "is, ons, die" betekenis hê. Dus die letters **יהו** "Yod Hay Uau" beteken '**YAH is'**. Met die laaste toevoeging van die Naamwoord **ה** "Hay" lyk die woord nou so **יהוה** wat moontlik '**YAH is ewig lewend'** beteken.

Nou YAH (*Dié Seun van VADER*) het gekom as **יהוֹשע** YAHUSHA en Ek gaan nou die Naam **יהוֹשע** YAHUSHA ook opbreek tot verduideliking.

Verwysings nommer H 3091 lyk so **יהוֹשע** wat van regs na links "Yod Hay Uau Shin Ayin" wat YAHUSHA deurgee. Dié **יה** is die Naam wat YAH wat "**Ek is**" beteken. Die letter **ו** Uau kan "is, ons of die" betekenis hê. Dus **יהו** beteken '**YAH is'**. Die laaste twee **שׁע** letters se betekenis is "Jou Losser" Dus gee die Naam **יהוֹשע** = YAHUSHA deur. YAHUSHA se Naam sê: Ek is die Losser, Ek is jou Losser m.a.w. "YAH is ons Losser"

Net 'n kort verduideliking oor YAHUSHA se Naam uitspraak en spelling.

'n Baie groot persentasie van die taalkundiges het 'n samesyn oor die eerste gedeelte van dié Naam van ons Koning nl.: "YAH" So het hulle ook die toevoegings woord aanvaar of met 'n "O" of 'n "U" m.a.w. "YAHU". Ongelukkig het hulle daarvandaan baie mislei met die res van ons Koning se Naam m.a.w. "SHUA" of "SHA". Verwysings nommer H 7769 wat Shua deurgee beteken om uit te kreet tot hulp of om te skreeu na hulp. Nou hoekom het hulle "Shua" ingesit as hulle geweet het dat dit om hulp geskreeu word? Die woord Shua word baie saam met vroulikheid uitwysing / gebruik soos: H 7774 Shua rykdom Aseriet vrou H 1340 dogter van rykdom.

Die woorde "Sha" is die woorde wat gebruik moet word en vir baie jare nie deurgegee was as die regte woorde nie. Verwysings nommer H 3467 beteken: Ya-sha, so ook H 3468 Ye-sha wat Red, Gered, Redding, verlos, bevry, verlosser, ens. beteken.

Klink dit nie vir jou na die regte woorde wat by ons Koning se Naam hoort nie? Ons kan ook kyk na H 7673 wat Sha-bath beteken en op sy beurt beteken dit om te rus . Woord nommer H 7965 beteken Sha-lom wat vrede beteken (*YAH ons Rus / YAH ons Vrede Luk.6:5*).

Dus tot opsommend oor die Naam van ons Koning; Dit moet "YAHUSHA" wees wat uitgespreek word as YAH–Uau–SHA / YAH ons Losser.
Mens gebruik die Naam bo alle name. Sy Naam is YAHUSHA en Hy was gestuur deur VADER na ons as YAH ons Losser. Daar is krag in Sy Naam. Bid tot VADER en wandel met YAHUSHA deur die dag.
*Mat 11:27 Alles is aan My oorgegee deur My VADER, en niemand ken die Seun nie, behalwe die VADER; ook ken niemand die VADER nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun dit wil openbaar. Mat 19:17. ..Niemand is goed nie, behalwe een, naamlik ~~God~~ VADER. Mat 23:9 ... een is julle VADER, HY wat in die hemele is. Mat 24:36 Maar van dié dag en dié uur weet niemand nie, ook die ~~engele~~ boodskappers van die hemele nie, maar net My VADER alleen. Joh. 14:6 ~~J*sus~~ YAHUSHA antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die VADER behalwe deur My nie. Joh. 14:28...: Ek gaan na My VADER, omdat My VADER groter is as Ek. Joh. 5:20...die VADER het die Seun lief en toon Hom alles wat HY self doen. Joh. 5:36 ..die werke self wat Ek doen, getuig van My dat die VADER My gestuur het. Joh. 3:18 Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van ~~God~~ VADER nie.*

*Joh. 14:13 ..wat julle ook al in My Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat die VADER in die Seun ~~verheerlik~~ lofwaardig kan word. Joh. 16:26 In daardie dag sal julle in My Naam bid; en Ek sê nie vir julle dat Ek die VADER aangaande julle sal vra nie; Joh. 20:31 maar hierdie is beskrywe, dat julle kan glo dat ~~J*sus die Christus~~ YAHUSHA die Nasaréner is, die Seun van ~~God~~ VADER; en dat julle deur te glo die lewe kan hê in Sy Naam. Joh. 16:24 Tot nou toe het julle niks in My Naam gevra nie. Bid en julle sal ontvang, sodat julle blydskap volkome kan wees. Joh. 14:26 maar die Trooster, die ~~Heilige~~ Rein Gees, wat die Vader in My Naam sal stuur, (YAHUSHA)Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.*

Ek sluit met die genesing onder die heidene.
Let op dat daar wel skyn of werklike genesing plaasvind onder die mens, maar wat wel duidelik uitstaan is dat Ha satan hard aan die werk is 1Pet.5:8. hy weerhou die genesing onder die uitverkore, maar skenk dit wel aan sy volgers. Baie van sy volgers ontvang genesing wat van korte duur is, maar die wat deur YAHUSHA genesing ontvang het geen perke nie (*Soos daar gedoop word in die Naam YAHUSHA so sal daar ook genesing wees in Sy Naam*).